Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

2 April 2017

OGGENDDIENS: Ds. Piet

Skriflesing: Psalm 45
Teks: Psalm 45: 7- 8 (lees uit 1933 - 53 vertaling)
Tema: Sing opgewonde en met groot dankbaarheid saam ‘n heildronk op Christus en sy huwelik met ons, sy kerk.

Die wêreld kyk neer op die kerk en sy word deur baie ‘n bespotting gemaak. Daar word na die kerk gekyk asof sy bloot ‘n menslike instelling is en volgens menslike wyse beoordeel kan word. Jy hoor selfs dat gelowiges die kerk verkleineer en so met haar handel asof mense die laaste sê het oor die kerk.

God dink egter heel anders oor die kerk. In Psalm 45 openbaar die Here vir ons hoe Hy oor die kerk dink en voel! Hierdie psalm is ‘n wonderlike heildronk wat deur ‘n digter geskryf is op die huwelik tussen Christus as die Koning en die kerk as sy koningin! Christus word in al sy heerlikheid besing as Here en Koning van die kerk: “U is mooier as alle mense; oor u lippe vloei net vriendelike woorde, want u hele lewe lank seën God u.”

En so ook word die kerk besing in al haar prag en glorie as sy bruid: “In louter prag staan die koningin daar in haar kleed van goudbrokaat; in haar veelkleurige rok word sy na die koning toe gelei; sy en haar gevolg …..word na u toe gebring. Onder uitbundige vreugde word hulle ingelei, betree hulle die paleis van die koning!”

Raak jy nog opgewonde en wil jy ook saam jubel oor ons Koning en sy kerk?

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Lied 478: 1, 2 en Lied 486: 1, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb. 18-6: 1, 2; Votum; Seën; Loflied Ps. 45-2: 1 (almal) 4, 5 (brs) 8, 10 (srs) en 11 (almal); Geloofsbelydenis: HK Sondag 21, vraag 54

Verootmoedigingsdiens
Sing Sb. 15-2: 3; Wetlesing: Hosea 2: 1-19; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Sb. 3-3: 1, 2, 6; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Sing Sb. 18-3: 7, 8, 9; Seën; Amenlied Sb.13-3.

AANDDIENS: Ds. Karel

Skrifgedeelte: Johannes 4:1-26
Teks: Johannes 1:24
Tema: Aanbid God nie deur aardse gebruike nie, maar deur die gees en die waarheid!

In Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou by die put is daar hele aantal verskillende, belangrike punte wat ons kan uitlig. Tog is daar een wat van die begin van die gesprek tot aan die einde van die gesprek deurloop: die stryd tussen die fisiese en die geestelike van aanbidding. Hierdie hele verhaal speel die fisiese en die geestelike bykans teenoor mekaar af. Daarom dat Jesus haar daarop wys dat ware aanbidding in die gees en in waarheid gedoen word.

Dit staan in werklikheid in skerp kontras teenoor die tyd waarin ons leef. Vandag word daar al hoe meer gefokus op uiterlike gebruike en tradisies wanneer dit by aanbidding kom. Kom ons vind saam uit hoe aanbidding lyk wat vir God goed en mooi is.

Lofprysing en aanbidding
Ps. 66-2: 3, 4 en Ps. 51-2: 4, 5

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 159: 1, 3; Seën; Lofsang Lied 207: 1, 2, 3; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Ps. 50-1:11 (Eerste melodie); Woordverkondiging

Antwoorddiens
Dankgebed; Liefdegawes; Gebed vir BnB; Sing Lied 435: 1, 2; Seën; Amenlied
Sb. 13-2.

MEELEWING

- Nadia de Klerk (Groep 2 - 060 800 0361) is ontslaan en sterk tuis aan.
- Lou Venter (Groep 45 - 082 566 5879) se broer is oorlede na ‘n kankersiekbed.
- Deniell de Vries (Groep 2 - 082 531 2056) was in Medikliniek opgeneem met gastro.
- Rachel Vorster (Groep 1 - 083 235 7941) het gordelroos onder lede en sterk tuis aan.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap, herstel en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Srs Marianne Kruger, Bettie Ras, Janet vd Walt, Hester Buys, Anna Scholtz, brs. Isak vd Walt, Tjaart Snyman, Andy en Blossom Pretorius.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of Hannatjie du Plessis (072 827 4744)

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenddiens
Geen Kleuterbediening & Katkisasie
Tee en Koffie
18:00 Aanddiens

Woensdag
09:30 Bybelstudie
19:00 Bybelstudie

KENNISGEWING VAN DIE KERKRAAD AAN GEMEENTE
insake losmaking en afskeidsgeleentheid van Ds Karel en gesin

Die Kerkraad het in oorleg met Ds Karel besluit dat die losmaking en afskeid van ons gemeente DV Sondag, 7 Mei 2017, sal plaasvind. Verdere besonderhede hieroor sal na die April-skoolvakansie bekend gemaak word. Lidmate kan solank die datum

reserveer om hieraan mee te doen. Intussen gaan Ds Karel volledig voort met sy dienswerk tot en met losmaking. Ons bid vir Ds Karel, Susan en Sion seën toe in hierdie proses.

Insake toekomstige bediening van die gemeente

Die Kerkraad sal by die vergadering van 11 Junie 2017 besin oor moontlike bedieningshulp asook ŉ proses om ons bedieningsbehoeftes te evalueer met die oog op ŉ besluit rakende moontlike beroeping op ŉ latere stadium al dan nie. Ons versoek lidmate om alreeds vir hierdie proses en besluite voorbidding te doen sodat ons as gemeente die regte besluit tot opbou van die gemeente en die koninkryk van God kan doen.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 2 April
Sr Yolandi Haasbroek 083 628 7136

Maandag, 3 April
Sr Hessie Pieters 083 413 6067

Woensdag, 5 April
Jsr Grizelda J v Rensburg
Jsr Zandri J v Rensburg

Donderdag, 6 April
Jsr Lienka vd Merwe 083 379 9154

Vrydag, 7 April
Jsr Anja Coetsee 072 618 2425
Sr Engela vd Walt 082 556 7806
Jbr JP v Niekerk
Jsr Corzel Yssel

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid
- Gawe by die deure vanoggend vir Christelike onderwys.
- Gawes volgende Sondag vir Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 34 en 35.

AMANDELBLOEISELS

Ons nooi almal uit na die Amandelbloeisel-byeenkoms op Woensdag 12 April om 10:00. Na opening vertrek ons na die kwekery (Ou Chalet-kwekery, langs Als) vir ‘n heerlike ontbyt, bring asb R25 saam. Bring ook ‘n ekstra geldjie saam om van hul afslag-plante te koop.
Almal is baie welkom. Laat weet asb as u kan kom, ons moet getalle deurgee, voor/op 10 April.

GEMEENTEKAMP

LEKKER - ALWEER SULKE TYD!
WAAR: SMILIN’ THRU, op die wal van die Vaalrivier naby Parys.
DATUM: 12, 13 en 14 Mei 2017
KOSTE: Chalets = R700 per nag
Kampplekke: R80 P/P per nag
Country Village (Silo’s) R480 p/kamer (2 persone) per nag
Cottage: R700 per nag
Stuur ‘n sms of whatsapp na 082 765 9813 indien u sou belangstel sodat ons ‘n aanduiding kan kry van hoeveel gesinne graag wil gaan. Amptelike besprekings word begin APRIL gedoen. Baie dankie aan al die kampers! Ek hoor graag van julle!
Anna Smith - 082 765 9813

BEROEPE NUUS

BEROEP ONTVANG

- Ds WM van der Waal (Willem) van Linden na Walvisbaai.

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Beeldmateriaal van preke kan hier gesien word : http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Ons wil ook graag ’n vriendelike versoek rig dat u nie op die gemeente se elektroniese sms-stelsel terug antwoord nie, maar asseblief die kerkkantoor bel of ’n e-pos stuur, aangesien dit ’n rekenaar-sms is.

Ds Karel se preke word ook weekliks uitgestuur per e-pos.

Ds Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hulle indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANTE & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Ds. Karel: 018 294 3067 / 072 476 8794
Kerkkantoor: 018 290 7690

KENNISGEWINGBORD IN DIE SKUUR

- Kerklike tydskrifte inligtingstukke
- Vakature: Adminburo: Assistent van die Rektor en Rektoraat
- Riviertoer: Jong werkendes 14-17 April

GKSA PSALM APP VIR JOU SLIMFOON OF TABLET

Ons herinner graag weer aan die gratis GKSA Psalmboektoepassing vir slimfone en tablette. Die bedoeling is dat die hele Psalmboek met die belydenisskrifte, formuliere en Kerkorde beskikbaar moet wees. Maak asb die toepassing bekend aan gemeentelede en veral ons kinders. Ons heg 'n kort bekendstelling aan wat 'n mens elektronies kan vertoon om die toepassing bekend te stel.
Daar is ongelukkig nog heelwat foute in die teks, maar daar behoort binne die afsienbare toekoms 'n opdatering te wees om die foute reg te stel en 'n meer gebruikersvriendelike kieslys te hê.
Ons het ook verskeie navrae vanuit die kerkverband gekry waarom 'n toepassing met die 2001-omdigting nog nie beskikbaar gestel is nie. Deputate Publikasies het van die begin af besluit om 'n toepassing wat die 2001-omdigting bevat, ook beskikbaar te stel. Dit was egter nog nie moontlik nie, aangesien die nuwe uitgawe van die sg. groen Psalmboek met die nuwe bywerkings nie gefinaliseer was nie. Sodra die nuwe uitgawe se teks elektronies beskikbaar word sal ons so 'n toepassing ook gratis beskikbaar maak.

- Laai 'n gratis toepassing af wat die hele Psalmboek (belydenisskrifte, formuliere en kerkorde) bevat op jou selfoon of tablet!
- Die toepassing kan afgelaai word by Google Play of die App Store. (Android en Apple)
- Jy kan enige woord in die Psalmboek met die soekfunksie opspoor.
- Die toepassing gaan binne die afsienbare toekoms opgegradeer word.
- 'n Toepassing van die Psalmboek met die 2001-omdigting en nuwe Skrifberymings en liedere sal ook gratis beskikbaar gemaak word sodra die nuwe uitgawe se teks gefinaliseer is.

Met hartlike groete.
Gerard Meijer en Ronald Bain

GOEIE VRYDAG - GESAMENTLIKE PAASDIENS BY DIE BULT

Dit is vanjaar Die Bult gemeente se beurt om die gesamentlike Paasdiens aan te bied. Hulle nooi ons uit om op 14 April, Goeie Vrydag, Paasfees saam te vier tydens die erediens om 09:00 by die Bult gemeente.

LYDENSTYD

Hierdie tyd voor Paasfees staan op die kerklike kalender bekend as lydenstyd. Maar wat beteken dit? Die Heidelbergse Kategismus vra die volgende vraag:

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie "gely" ?
Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, <u>maar veral aan die einde daarvan,</u> die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het. **So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf.**
Wanneer 'n mens die Evangelies bestudeer dan word dit duidelik dat hierdie lyding van Jesus in die laaste week voor en met sy kruisiging 'n hoogtepunt bereik. Maar wat het in daardie laaste week gebeur tot met die opstanding - van Sondag tot Sondag? Ons sien in hierdie tyd ook dat Christus as Koning, Profeet en Priester optree en ly soos die Ou Testament dit van Hom geprofeteer het:

Sondag	Intog in Jerusalem - Die Koning wat huil oor sy stad
Maandag	Weer Jerusalem toe: Die Koning wat die vyeboom laat verdor en die tempel reinig - die vyeboom is simbool van die verdorde, formalistiese godsdiens wat in die tempel bedryf word.
Dinsdag	Weer tempel toe: Die Profeet wat vir oulaas preek terwyl die Skrifgeleerdes en Fariseer sy dood beplan. Hy verlaat die tempel vir goed en kondig die einde daarvan aan want Hy gaan iets nuuts bewerk: gelowiges as tempels van God
Woensdag	Rusdag in Betanië: Maria salf sy voete as profesie van sy begrafnis. Judas pleeg verraad terwyl Jesus dit weet.
Donderdag	Weer na Jerusalem: Voorbereidings vir die maaltyd. Die aand: paasmaaltyd saam met sy dissipels. Die instelling van Nagmaal, die Priester was hulle voete en bid vir sy dissipels. Die Priester se gebedsworsteling in Getsemané.
Vrydag	Vroegoggend: gevangenisneming in Getsemané. Vroegoggend verhore voor die Joodse Raad Staatsverhore: Eers Pilatus, toe Herodus en toe weer Pilatus. Marteling deur soldate Kruisiging en sterwe - die Priester word paaslam. Begrafnis voor sononder - aanbreek van die sabbat
Saterdag	Sabbat - Jesus rus in die graf
Sondag	Opstanding uit die dood - Die Koning se eerste verskynings

SUSTERS IN DIE GELOOF

"DIE VREUGDE VAN 'n LEWENDE GELOOF"

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word **vandag** onder die leiding van Maria Pretorius (Groep 2), Johanna Venter (Groep 3) en Anrie vd Schyff (Groep 4) bedien.

Volgende week skink Sonette Turkstra (Groep 5), Karin Kruger (Groep 6) en Riana Heystek (Groep 7) tee. *Baie dankie julle!*

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsameling geleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

VIVIERS INGELYF

PROKUREURS

Skakel Pierre Viviers vir die volgende regsdienste:

* **Opstel van testamente** * **Boedel- en aftreebeplanning** * **Bereddering van bestorwe boedels** * **Stigting van trusts** * **Registrasie van onroerende eiendom** * **Siviele litigasie – Hoë- en Landdroshof** * **Skuldinvorderings** * **Huweliksvoorwaardeskontrakte** * **Lugvaartregsdienste** * **Lugvaartversekering – FSP nommer 43890**	**Eerstevloer** **Octrongebou** **James Morokalaan 62** **Potchefstroom** **☎ (018) 297-5201 k/u** **pierre@viviersattorneys.co.za**